KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN 'N ALGEMENE RAADSVERGADERING GEHOU OM 14:00 OP DINSDAG 30 SEPTEMBER 2014 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP**

***MINUTES OF A GENERAL COUNCIL MEETING HELD ON TUESDAY, 30 SEPTEMBER 2014 AT 14:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP***

## RAADSLEDE

| | |
|---|---|
| Me E Marthinus | Speaker |
| Mnr R G Mitchell | Uitvoerende Burgemeester |
| Mnr D Jantjies | Uitvoerende Onder-Burgemeester |
| Mnr R Mokotwana | Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee |
| Me P Atyhosi | Raadslid |
| Mnr D Burger | Raadslid |
| Mnr W October | Raadslid |
| Mnr J Nieuwoudt | Raadsheer |

## AMPTENARE

| | |
|---|---|
| Mnre D O'Neill | Munisipale Bestuurder |
| Mnr S Ngwevu | Direkteur: Korporatiewe Dienste |
| Mnr J Jamneck | nms Direkteur: Finansiële Dienste |
| Mnr N Kotze | Direkteur: Siviele Ingenieursdienste |
| Mnr K Mrali | Direkteur: Gemeenskapsdienste |
| Mnr P Everson | Asst. Direkteur: Elektries |
| Mnr F du Toit | nms Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanning |
| Mnr B Swart | Interne Ouditeur |
| Me A Jonker | Komiteedienste |

1. **OPENING**

Die Speaker heet die teenwoordiges, sowel as verteenwoordigers van "Rural Development and Land Reform" welkom en Raadsheer Mitchell open die vergadering met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Raadsheer A Coetzee

3. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTIGING**

3.1 **NOTULE VAN ALGEMENE RAADSVERGADERING GEHOU OP:**

3.1.1 26 Augustus 2014

***BESLUIT 188/2014***

Die Notule word as korrek en volledig bekragtig.

4. **NOTULES VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERINGS OOR BESLUITE DEUR HOM GENEEM SAAM MET DIE BURGEMEESTERSKOMITEE**

4.1 **NOTULES VAN UBK VERGADERINGS GEHOU OP:**

4.1.1 26 Augustus 2014

***BESLUIT 189/2014***

Die Raad neem kennis van bogenoemde UBK Notule.

5. **NOTULES VAN KOMITEE VERGADERINGS VOORGELê VIR KENNISNAME**

5.1 **WYKSKOMITEE VERGADERINGS GEHOU OP:**

5.1.1 WYK 1 : 19 Augustus 2014

5.1.2 WYK 2 : 25 Augustus 2014

5.1.3 WYK 3 : 21 Augustus 2014

5.1.4 WYK 4 : 19 Augustus 2014

5.1.5 WYK 5 : 3 September 2014

***BESLUIT 190/2014***

Die Raad neem kennis van bogenoemde Wykskomitee Notules.

5.2 **ICT KOMITEE VERGADERING GEHOU OP:**

5.2.1 22 September 2014

***BESLUIT 191/2014***

Die aanbevelings soos vervat in bogenoemde Notule van die ICT Komitee vergadering word as besluite van die Raad bekragtig.

6. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES**

Geen.

7. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

7.1 **BRIEWE VAN DANK** Geen

7.2 **FUNKSIES VIR DIE MAAND** Geen

7.3 **AANWYS VAN AFGEVAARDIGDES**

Die Speaker meld dat SALGA 'n "Water and Sanitation" werkswinkel in Oktober aanbied te Hermanus en dat Raadsheer Jantjies dit gaan bywoon.

8. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

Die Burgemeester volstaan met sy mededelings tydens die UBK vergadering.

9. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

Fatima Williams, Deputy Director: Admin and Executive Services from the Department of Rural Development and Land Reform did a presentation to Council regarding the reopening of lodgement of land claims. Her presentation included the following: What is a land claim; What is a land right; Who can lodge a claim; Who may not lodge a claim; What documents you must bring to lodge a claim; What information is required; How to submit a claim; Where to go to lodge your claim and warnings about criminal activitis related to the lodgement of land claims.

***BESLUIT 192/2014***

Die Raad neem kennis van bogenoemde voorlegging.

10. **ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING**


| | | | Bladsy: Agenda |
|---|---|---|---|
| 10.1 | **MUNISIPALE BESTUURDER** | | **5** |
| | 10.1.1 | SDBIP Kwartaalverslag: 1 Maart tot 30 Junie 2014 | **5** |
| | 10.1.2 | Strategiese Aksieplan: 2013 Vordering - September 2014 | **5 - 6** |
| | 10.1.3 | Draft Shared Service Charter | **6 - 7** |
| | 10.1.4 | Ondersoek na voertuig ongelukke met Raadsvoertuie | **7 - 8** |
| 10.2 | **GEMEENSKAPSDIENSTE** | | **9** |
| | 10.2.1 | Adoption: Integrated Human Development Plan for 2014 - 2019 | **9** |
| | 10.2.2 | Ablusie Geriewe: Nostra | **9 - 10** |
| 10.3 | **KORPORATIEWE DIENSTE** | | **10** |
| | 10.3.1 | Review: Human Resources Policies | **10 - 11** |
| 10.4 | **FINANSIëLE DIENSTE** | | **11** |
| | 10.4.1 | Maandverslag: Voorsieningskanaalbestuur | **11** |
| | 10.4.2 | Bateopname: 2013/2014-Boekjaar | **12** |
| | 10.4.3 | Oudit Aksieplan 2012/2013: Maandelikse Vordering | **12 - 13** |
| | 10.4.4 | Recovering of and/or writing off unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure | **13 - 14** |

**Bladsy: Agenda**

11. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER WAT DEUR DIE UBK NA DIE RAAD VERWYS IS VIR OORWEGING** **15**
    - 11.1 Oprigting van opleidingsfasiliteit deur CETA: Erf 4096, Bredasdorp **15 - 17**
    - 11.2 Kantoorakkommodasie **17 - 19**
    - 11.3 Skrywe: Kaap Agulhas Sakekamer insake toneelstuk **19 - 20**

12. **ITEMS DEUR DIE UBK NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING** **20**
    - 12.1 Wysiging van Kapitaalnommers **20**
    - 12.2 Verhuring: Opsigterswoning op gedeelte erf 1148, Bredasdorp **21**

13. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

    Geen.

14. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

    Geen.

15. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

    Geen.

16. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN RAADSBESLUITE**

    ‘n Lys van onafgehandelde Raadsbesluite word aangeheg op bladsy 22.

17. **IN-KOMITEE VERSLAE**

    Die In-Komitee agenda word as ‘n aparte dokument gemerk “In-Komitee” versprei.

18. **SLUITING**

# 10. ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING

## 10.1 MUNISIPALE BESTUURDER / *MUNICIPAL MANAGER*

### 10.1.1 SDBIP KWARTAALVERSLAG: 1 MAART 2014 TOT 30 JUNIE 2014 (2/9/2 - MB)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om kennis te neem van die inhoud van die kwartaalverslag van die Dienslewerings- en Begrotingsimplementeringsplan *("SDBIP - Service Delivery and Budget Implementation plan")* vir die kwartaal geëindig 30 Junie 2014 en om oorweging te skenk aan die verslag.

**AGTERGROND**

Artikel 1 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (No 56 van 2003) beskryf die SDBIP "as 'n gedetailleerde plan wat deur die Burgemeester van 'n munisipaliteit ingevolge artikel 53(1)(c)(ii) goedgekeur is vir die implementering van die Munisipaliteit se lewering van munisipale dienste en van sy jaarlikse begroting. Verslae word kwartaalliks aan die Raad voorgelê vir besprekings en oorweging.

Die volgende inligtingstukke word ingesluit op bladsy 1 tot 12 ten einde te voldoen aan die betrokke wetgewing soos hierbo uiteengesit:

(a) Maandelikse projeksies van inkomste per bron wat geïn moet word.
(b) Maandelikse projeksies van bedryfs en kapitaalbestedings per begrotingspos.
(c) Kwartaal projeksies van diensleweringsteikens en prestasie-aanwysers vir elke departement.

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Geen.

**FINANSIËLE IMPLIKASIES**

Geen.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Raad die kwartaalverslag ingevolge die Dienslewerings- en Begrotings-implementeringsplan oorweeg en aanvaar.

***BESLUIT 193/2014***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

### 10.1.2 STRATEGIESE AKSIEPLAN: 2013 VORDERING - SEPTEMBER 2014 (BM)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om die vordering met die 2013 strategiese aksieplan soos op einde September 2014 aan die Raad voor te lê vir oorweging.

**AGTERGROND**

Op 10 en 11 Oktober 2013 het die Burgemeester sy jaarlikse strategiese sessie gehou waaruit 'n aksieplan opgestel is en op 18 Maart 2014 is dit opdateer met verdere aksies en items. Die vordering met die aksieplan word op 'n maandelikse grondslag opgedateer en aan die Burgemeester voorgelê.

In terme van die Raadsbesluit vir die goedkeuring van die aksieplan, moet die vordering ook aan die Raad voorgelê word. Die aangehegte plan op bladsy 13 tot 19 dui die vordering gemaak tot en met die einde van September 2014 aan en word aan die Raad voorgelê vir oorweging.

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Geen.

**FINANSIËLE IMPLIKASIES**

Geen.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die vorderingsverslag ten opsigte van die strategiese aksieplan vir 2013 deur die Raad oorweeg en aanvaar word.

***BESLUIT 194/2014***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

10.1.3 **DRAFT SHARED SERVICE CHARTER (MM)**

**PURPOSE OF REPORT**

To table the draft Shared Service Charter to council for consideration and adoption.

**BACKGROUND**

The notion of sharing services between municipalities is relatively new in South Africa although it has been implemented successfully in various municipalities across the globe. In recent times in the Western Cape shared services were also successfully implemented in the West Coast, Eden and Central Karoo Municipalities. Shared Services can render an affordable institutional solution to the creation of critically required support service capacity and in certain instances even provide a solution to the optimization of available service delivery capacity.

The issue of shared services was also explored and investigated in detail by all the municipalities in the Overberg District. This culminated in a workshop that was held on 6 August 2014 in Overstrand with the purpose of reaching consensus on the need for such a service in the Overberg area and if the need exists, which services can be shared. All were in agreement that a need do exist and that the first service to be shared should be that of risk management. For this service capacity constraints were identified in Cape Agulhas, Swellendam, Overstrand and the Overberg District Municipalities.

However it was also agreed that in order to provide the service efficiently and effectively, all municipalities in the district must agree to a charter. The charter spells out the purpose of the shared service, identifies the stakeholders on functions as well as performance requirements, amongst others.

The draft charter attached as Annexure on page 20 to 22 was also tabled and discussed at a District Coordinating Forum held on 1 September 2014 in the Council Chambers of the Overberg District Municipality. A decision was then taken that the draft charter be considered by each individual council within the district.

The basic principle is thus instead of each municipality releasing and providing resources for the implementation of the service, the provision of the service be shared between the five municipalities in the Overberg District. This will enhance efficiency as obviously the costs will be shared and it is envisaged that the service will also be rendered more effectively as a dedicated and competent unit will be responsible for providing the service. The draft charter under point 8, also propose a project process in establishing shared services which provides for a clear set of individual actions that needs to be completed before moving on to the next action. This proposed process is quite clear and provides for sufficient information and activities to successfully implement a shared service.

**LEGISLATIVE REQUIREMENTS**

The current focus is on the sharing of support services, thus there is a need to review and decide on the appropriate mechanism to provide the service in terms of Section 77 of the Municipal Structures Act, 2000. A service level agreement must then be concluded between the different municipalities which will participate in the service. Individual municipalities will then have to budget for the provision of the service as prescribed in the MFMA. The approval of the draft charter will however not have any statutory enforcement as it provides for an agreed upon set of values, performance requirements, institutional options and processes.

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

(i) That Council agrees to the content of the attached Draft Shared Services Charter.
(ii) That Council approves the Draft Shared Services Charter.

***AANBEVELING: FINANSIëLE- EN KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE AND CORPORATIVE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT 195/2014***

Dat die aanbeveling van die Finansiële- en Korporatiewe Dienste Komitee aanvaar word.

10.1.4 **ONDERSOEK NA VOERTUIG ONGELUKKE MET RAADSVOERTUIE (INTERNE OUDIT)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om die Raad in te lig oor die MPAC vergadering rakende die Raad se besluit dat MPAC 'n ondersoek moet doen oor die ongelukke met Raadsvoertuie (soos gerapporteer aan die Raad tydens die Raadsvergadering van 29 Julie 2014) en om die aanbevelings deur die Komitee gemaak rondom die inhoud van die ondersoek aan die Raad voor te lê vir oorweging en bekragtiging.

**AGTERGROND**

Tydens die Algemene Raadsvergadering van 29 Julie 2014 het Raadslid Mokotwana, tydens die hantering van die verslag oor die versekeringseise van die Raad wat ongelukke met Raadsvoertuie insluit, die Raad ingelig oor 'n ernstige ongeluk in Napier waarby 'n Raadsvoertuig en die Raad se sleepwa betrokke was. Op daardie stadium was dit die eerste keer dat die Raadslede van hierdie ongeluk bewus geword het.

'n Gesprek hieroor en alle ander ongelukke met Raadsvoertuie is bespreek en die Raad het 'n aantal bekommernisse uitgespreek oor die aantal ongelukke asook wat die bestuur daaromtrent doen. Na aanleiding van die gesprek het die Raad besluit dat die aangeleentheid ondersoek moet word en het dit verwys na MPAC vir verdere aksies soos benodig.

**Raadsbesluit 163/2014, lees as volg:**

"*Dat die ondersoek ook sal insluit 'n verslag vir elke insident, om te bepaal of van die betrokke amptenare gelei het tot die ongeluk/verlies waarop die eis van toepassing is.*"

MPAC het op 4 Augustus 2014 vergader waar die aangeleentheid bespreek is en die inhoud van die ondersoek bepaal is. Die mandaat van die ondersoek, soos aanbeveel deur MPAC, word uiteengesit in die bestuursaanbeveling hieronder en word aan die Raad voorgelê vir oorweging en bekragtiging (Notule van MPAC vergadering word aangeheg op bladsy 23).

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Geen.

**FINANSIËLE IMPLIKASIES**

Geen.

**WETLIKE IMPLIKASIES**

Geen.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die ondersoek na motorvoertuig ongelukke die volgende behels:

(i) Die bestaan en inhoud van 'n toepaslike beleid oor die hantering van voertuig ongelukke, insluitend die bepalings oor die verloop ondersoeke en die vasstelling van verantwoordelikheid en nalatigheid.
(ii) Bepaling of ondersoeke wél uitgevoer word nadat 'n ongeluk aangemeld is.
(iii) Wat die proses is wat tydens sodanige ondersoeke gevolg word en is dit voldoende om nalatigheid en verantwoordelikheid te bepaal.
(iv) Watter strafmaatreëls ingestel is/word in gevalle waar nalatigheid bepaal is.
(v) Die moontlikheid en risiko verbonde aan die indiening van derdeparty teen die munisipaliteit vir beserings opgedoen.
(vi) Die ondersoek moet insluit alle ongelukke gemeld in die verslag aan die Raad tydens die Julie 2014 algemene Raadsvergadering asook enige ongelukke wat sedertdien plaasgevind het.
(vii) 'n Proses moet ontwikkel word waarby die Raad ingelig kan word sodra 'n ongeluk plaasvind en dat daar nie gewag moet word tot die volgende Raadsvergadering nie.

***BESLUIT 196/2014***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

## 10.2 GEMEENSKAPSDIENSTE / *COMMUNITY SERVICES*

### 10.2.1 REQUEST FOR ADOPTION OF THE INTEGRATED HUMAN DEVELOPMENT PLAN FOR 2014 - 2019 (DCS - HUMAN DEVELOPMENT)

**PURPOSE OF REPORT**

For Council to consider the adoption of the Integrated Human Development Plan for 2014 - 2019 (attached on page 25 to 44).

**BACKGROUND**

The Integrated Human Development Plan was advertised for public comments from 18 July 2014 until 18 August 2014 as per Council Resolution 93/2014. No public comments were received.

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

That Council consider the adoption of the Integrated Human Development Plan for 2014 - 2019.

***AANBEVELING: GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: COMMUNITY SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT 197/2014***

Dat die aanbeveling van die Gemeenskapsdienste Komitee aanvaar word.

### 10.2.2 ABLUSIE GERIEWE: NOSTRA

**DOEL VAN VERSLAG**

Dat die Raad kennis neem van die huidige situasie ten opsigte van die voorgestelde ablusie geriewe by Nostra.

**AGTERGROND**

Nadat Nostra plat geslaan is, het die gemeenskap nogsteeds 'n behoefte aan publieke toilette in dieselfde omgewing.

Bestuurder: Strate en Stormwater het argitekte aangestel vir die voorgestelde bouplanne.

'n Terrein inspeksie sal uitgevoer word om min of meer die ligging te bepaal van die toilette.

Die nodige Supply Chain prosesse moet gevolg word ten einde die geriewe op te rig, nadat die nodige omgewings- en beplanningsprosesse gevolg is

Die Raad moet ook begroot vir hierdie ablusie geriewe.

Alle dienste is beskikbaar.

**FINANSIëLE IMPLIKASIE**

±R100 000,00

***BESTUURSAANBEVELING***

(i) Dat die bouplanne aan die Boukomitee voorgelê word vir oorweging.
(ii) Dat 'n Projekbestuursplan saamgestel word deur die Bestuurder: Strate en Stormwater.

***BESLUIT 198/2014***

(i) Dat die aanbeveling van die Finansiële- en Korporatiewe Dienste Komitee aanvaar word.
(ii) Dat die Munisipale Bestuurder en Direkteur: Tegniese Dienste afgevaardig word om tydelike ablusie geriewe daar te stel gedurende die komende seisoenstyd.

## 10.3 KORPORATIEWE DIENSTE / *CORPORATE SERVICES*

### 10.3.1 REVIEW OF HUMAN RESOURCES POLICIES (MHR)

**PURPOSE OF REPORT**

To submit the following Human Resources Policies to Council for review:

- Health, Safety and Environmental (Page 45 - 46)
- Leave, Overtime with Standard Operational Procedures (Page 47 - 56)
- Safety Equipment and Protected Clothes (Page 57 - 61)

**BACKROUND**

As determined through the recent municipal risk management exercise , the regular review of policies has been identified as a high risk with an overall rating of 15. In terms of the risk assessment report recommendation as adopted by Council on 29 August 2013 (Resolution 231/2013 ) this item has been included in the internal audit plan for 2013/14.

The audit will be limited to the policy review only. To ensure that this matter is fully addressed and to avoid Auditor-General findings in the future the audit will be conducted on all policies of the municipality.

**COUNCIL POLICY**

Risk Management Policy.

**PERSONNEL IMPLICATIONS**

None.

**FINANCIAL IMPLICATIONS**

Unknown.

**OTHER ROLE-PLAYER/UNIONS/MANAGERS**

Accepted at a LLF meeting on Friday 19 September 2014.

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

That Council approves the review of the following Human Resources Policies, namely:

- Health, Safety and Environmental
- Leave, Overtime with Standard Operational Procedures
- Safety Equipment and Protected Clothes

***BESLUIT 199/2014***

*That Management's Recommendation be accepted.*

## 10.4 FINANSIëLE DIENSTE / *FINANCE SERVICES*

### 10.4.1 MAANDVERSLAG: VOORSIENINGSKANAALBESTUUR VIR DIE MAAND GEëINDIG 31 AUGUSTUS 2014 (5/27 - DFD) (GEEN WYKE)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om kennis te gee van:

1. Toekennings gemaak aan verskaffers van dienste en goedere ingevolge die Voorsieningskanaalbestuur Regulasies en Beleid en.
2. Tersaaklike verslae ingevolge die Voorsieningskanaalbestuur Regulasies en Beleid.

**AGTERGROND**

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003, Hoofstuk 11, die Munisipale Voorsieningskanaalbestuur Regulasies, soos afgekondig in die Staatskoerant op 30 Mei 2005 en die Raad se Voorsieningskanaalbestuur Bestuursbeleid soos aanvaar op 26 Junie 2014 bepaal dat verskeie verslae aan die Rekenpligtige beampte en die Hoof Finansiële Beampte voorgelê moet word. Ten einde 'n deursigtige beeld aan alle prosesse in die Voorsieningskanaalbestuursafdeling te skep, word 'n volledige verslag aan die Raad voorgelê.

***BESTUURSAANBEVELING***

Die ondergenoemde verslae soos aangeheg op bladsy 62 tot 96 word voorgelê vir kennisname:

1. Kleinkas Aankope (Regulasies 15(d)) : Kennisname
2. Finale toekennings gemaak bo R30 000 (Regulasies 5(4)) : Kennisname
3. Verslag: Nasionale Tesourie: Kontrakte bo R100 000 : Kennisname
4. Afwyking: Voorsieningskanaal Bestuursbeleid onder R30 000 (Regulasies 16(c). 17(c): Kennisname
5. Afwyking: Voorsieningskanaal Bestuursbeleid bo R30 000 (Regulasies 5(3), 5(4)(a) & (b)): Kennisname
6. Finale toekennings (alle toekennings) : Kennisname
7. Artikel 45 toekennings : Kennisname
8. Aantal registrasies van verskaffers op databasis : Kennisname

***AANBEVELING: FINANSIëLE- EN KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE AND CORPORATIVE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT 200/2014***

Dat die aanbeveling van die Finansiële- en Korporatiewe Dienste Komitee aanvaar word.

10.4.2 **BATEOPNAME: 2013/2014 BOEKJAAR (DFD)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die verwydering van items vanaf die bate register wat verkeerdelik geklasifiseer is en nie voldoen aan die vereistes en klasifikasie van 'n bate nie.

**AGTERGROND**

Verskeie items op die aangehegte lys op bladsy 97 klasifiseer nie as bate items nie en kan onderskeidelik in die volgende kategorie ingedeel word, naamlik: Operasionele kostes, Herstel en onderhoud asook Inventaris items.

Die verwagte lewensduur van verskeie items is minder as een jaar en word aanbeveel dat dit uit die bateregister verwyder word.

**WETLIKE IMPLIKASIE**

Ingevolge Wet 56 van 2003 (MFMA), Artikel 14.

**FINANSIëLE IMPLIKASIE**

Geen.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat alle bates, soos op die aangehegte lys, goedkeuring kry sodat dit uit die register verwyder kan word.

***AANBEVELING: FINANSIëLE- EN KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE AND CORPORATIVE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT 201/2014***

Dat die aanbeveling van die Finansiële- en Korporatiewe Dienste Komitee aanvaar word.

10.4.3 **OUDIT AKSIEPLAN 2012/13 (OPCAR): MAANDELIKSE VORDERING - AUGUSTUS 2014**

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die vordering met die goedgekeurde 2012/13 Oudit Bevindinge Aksieplan (OPCAR) soos en met 31 Augustus 2014.

**AGTERGROND**

Na aanleiding van die Ouditeur-Generaal se oudit op die 2012/13 finansiële jaar is daar sekere leemtes uitgewys wat aangespreek moet word. Hierdie bevindinge is in die Oudit Bevindinge Aksieplan opgeneem en bepaalde regstellende stappe is bepaal om die bevindinge aan te spreek.

Die vordering word ook aan die Oudit- en Prestasieoudit Komitee voorgelê en word ook op 'n gereelde grondslag met die Ouditeur-Generaal bespreek. Die vordering met die plan word ook op 'n kwartaallikse grondslag aan die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie voorgelê.

Die verslag wat hierby aangeheg is op bladsy 99 tot 110, is 'n aanduiding van die vordering wat met hierdie aksieplan gemaak is tot en met 31 Augustus 2014. Daar is nog net een item onafgehandel wat tans opgevolg word.

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Geen.

**FINANSIËLE IMPLIKASIES**

Geen.

***BESTUURSAANBEVELING***

Oorweging, bespreking en aanvaarding van die munisipaliteit se vordering insake die implementering van die Oudit Aksieplan voortspruitend uit die bevindinge van die Ouditeur-Generaal vir die 2012/13 finansiële jaar.

***BESLUIT 202/2014***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

10.4.4 **RECOVERING OF AND/OR WRITING OFF UNAUTHORISED, IRREGULAR OR FRUITLESS AND WASTEFUL EXPENDITURE (DFD)**

**PURPOSE OF REPORT**

To investigate any unauthorized, irregular or fruitless and wasteful expenditure that have been incurred by Council in respect of the financial year to date for approval and/or to be written off.

**BACKGROUND**

In terms of section 32(1) of the MFMA any political office-bearer or official of a municipality is liable for unauthorized expenditure if -

- An office-bearer knowingly or after having been advised by the accounting officer that the expenditure is likely to result in unauthorized expenditure, instructed an official of the municipality to incur the expenditure;
- The accounting officer deliberately or negligently incurred unauthorized expenditure, subject to subsection (3) whereby the accounting officer has informed the Council in writing that the expenditure is likely to be unauthorized, irregular or fruitless and wasteful expenditure;
- Any political office-bearer or official deliberately or negligently committed, made or authorized an irregular expenditure; or
- Any political office-bearer or official deliberately or negligently made or authorized a fruitless and wasteful expenditure.

Furthermore section 32(2) of the MFMA prescribes that a municipality must recover unauthorized, irregular or fruitless and wasteful expenditure from the person liable for that expenditure unless the expenditure -

(a) in the case of unauthorized expenditure, is -
  (i) authorized in an adjustment budget; or
  (ii) certified by the municipal council, after investigation by a council committee, as irrecoverable and written off by the council; and

(b) in the case of irregular or fruitless and wasteful expenditure, is, after investigation by a council committee, certified by the council as irrecoverable and written off by the council.

Section 10 of the approved policy of council requires the monthly update and maintenance of a register relating to all incidents of unauthorised, irregular, fruitless and wasteful expenditure. The council must referred all cases of prohibited expenditure reported to MPAC for investigation unless the allegations are frivolous, vexatious, speculative or obviously unfounded.

Attached on page 111 as Annexure "A" a list of identified unauthorized, irregular, fruitless and wasteful expenditure that have been incurred for the financial year to the end of August 2014 for investigation by council and / or MPAC in order to either recover or certify as irrecoverable and write off.

Main reason for the irregular operating expenditure is due to the lack of proper planning whereby no prior orders been issued and / or sufficient quotations received as required in terms of the approved Supply Chain Management Policy of council.

Systems and procedures has been communicated to all roll-players for implementation effective from the 1st July 2014 in order to avoid unnecessary unauthorised, irregular, fruitless and wasteful expenditure.

**LEGAL IMPLICATION**

Non-compliance if not adhere to the prescripts as stipulated per above mentioned legislation.

**FINANCIAL IMPLICATION**

In terms of the prescribed legislation a Council must recover any unauthorized, irregular or fruitless and wasteful expenditure deliberately or negligently incurred by a political office-bearer or official of the municipality for which he / she will be held liable after a thorough investigation been completed.

The Municipal Manager, in consultation with the Director: Finance, recommends as follows:

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

(i) Council considers the report on unauthorized, irregular, fruitless and wasteful expenditure for the period till the end of August 2014 for recovery or certification as irrecoverable and written off.

(ii) Council promptly informs the MEC for local government and Auditor-General in writing of the unauthorized, irregular, fruitless and wasteful expenditure incurred by the municipality for the periods under review inclusive of the council resolution on the outcome of finding.

***BESLUIT 203/2014***

That Management's Recommendation be accepted.

## 11. DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER WAT DEUR DIE UBK NA DIE RAAD VERWYS WORD VIR OORWEGING

### 11.1 OPRIGTING VAN 'N OPLEIDINGSFASILITEIT DEUR CETA, ERF 4096, BREDASDORP

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die skenking van 'n gedeelte van erf 4096, Bredasdorp, aan die Departement van Hoër Onderrig en Opleiding vir die oprigting van 'n Vaardigheids-ontwikkelingsentrum.

**AGTERGROND**

Die Raad het by 'n raadsvergadering gehou op 27 Augustus 2013 onder item 15.2 as volg besluit:

***BESTUURSAANBEVELING / RECOMMENDATION***

*(i) Dat die Raad nie die grond (erf 4096, Bredasdorp) nodig het vir munisipale dienste nie.*
*(ii) Dat die Raad in beginsel die gedeelte grond, genoem erf 4096, Bredasdorp aan CETA beskikbaar stel vir die oprigting van 'n Vaardigheidsfasiliteit.*
*(iii) Dat die installering van alle dienste deur CETA betaal sal word.*
*(iv) Dat Stadsbeplanning begin met die onderverdeling van erf 4096, Bredasdorp.*
*(v) Dat 'n taakspan aangewys word wat sal help met die daarstelling van die fasiliteit. Die taakspan sal bestaan uit verteenwoordigers van KAM, CETA, die Departement van Hoër Onderwys asook enige kundigheid wat die span mag benodig.*
*(vi) Kaap Agulhas Munisipaliteit verteenwoordig sal word deur die Burgemeester, die Wyksraadslid, Stadsbeplanning, Boubeheer, Menslike Hulpbronne, kantoor van die Munisipale Bestuurder en Siviele Dienste.*
*(vii) Dat die Munisipale Bestuurder 'n Ooreenkoms van Verstandhouding met CETA sal onderhandel en dit aan die Raad voorlê voor ondertekening deur homself.*

***BESLUIT 220/2013***

*(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.*
*(ii) Dat, aangesien die Burgemeester en die Wyksraadslid dieselfde is, Raadsheer Jantjies ook op die komitee benoem word.*

Hierna het Minister Blade Nzimande die amptelike sooispit waargeneeem by 'n seremonie gehou op 13 Maart 2014. Die CETA het hierna voortgegaan om hul formele tenderprosesse te volg. 'n Kontrakteur is aangestel en op 25 September 2014 aan die Raad voorgestel. Die kontrakteur sal op Maandag, 05 Oktober 2014, amptelik begin op terrein.

**ONDERSOEK**

Dit het egter aan die lig gekom dat daar nog nie 'n ooreenkoms wat die wettige gebruik van die grond vir die oprigting van die sentrum tussen die Raad en die betrokke departement bestaan nie. Aangesien hoër opleidingsfasiliteite nie 'n grondwetlike funksie van 'n munisipaliteit is nie, word die Raad hiermee geadviseer om liefs die grond te vervreem. Dit moet gedoen word ten einde die raad van enige toekomstige verpligting, wat finansiële implikasies kan inhou, vir die onderhoud en bestuur van die fasiliteit, vry te skeld.

Die oordrag, verkoop en vervreemding van grond wat aan 'n munisipaliteit behoort, word gereguleer deur die Munisipale Finansiële Bestuurswet, 2003 (MFBW) en spesifiek artikels 14 en 90. Nietemin die gemelde artikels is nie van toepassing op die oordrag van 'n munisipale bate aan 'n ander staatsorgaan nie. Des nieteenstaande bepaal dit dat oordragte van die aard binne 'n voorgeskrewe raamwerk moet plaasvind.

Die Minister van Finansies het op 22 Augustus 2008 onder Staatskoerant No 31346 die Munisipale Bateoordrag Regulasies (MBOR) bekend gemaak. Die Regulasies maak onderskeid tussen vrygestelde en nie-vrygestelde kapitale bates. Vrygestelde kapitale bates verwys na die oordrag van munisipale bates na 'n ander staatsorgaan. Hoofstuk 3 van die MBOR maak voorsiening vir die oordrag van vrygestelde munisipale kapitale bates na 'n ander staatsorgaan. Hierdie hoofstuk definieer ook die omstandighede waaronder die gemelde oordrag mag plaasvind en beskryf die raamwerk waarna vroeër verwys is.

'n Raad moet ook die volgende faktore in ag neem wanneer 'n bate vir minder as die billike markwaarde van 'n staatsorgaan oorgedra word:

(a) Indien die bate op 'n latere datum deur die Munisipaliteit benodig sal word;
(b) Die verwagte verlies of voordeel wat realiseer mag word uit hoofde van die voorgestelde oordrag;
(c) Die mate waartoe enige kompensasie wat ontvang mag word in terme van die voorgestelde oordrag by kan dra tot die wesenlike ekonomiese en finansiële koste of voordeel aan die Munisipaliteit;
(d) Die risiko en opbrengs verbonde aan die bedryf of kontrole van die kapitale bate wat oorgedra moet word ten opsigte van die belange van die Munisipaliteit;
(e) Die impak wat die voorgestelde oordrag op die toekomstige vermoë van die munisipaliteit om lang- en korttermyn lenings op te neem;
(f) Enige beperkinge of voorwaardes verbonde aan die bate of die oordrag van die bate en die gevolge of enige nie-voldoening van daardie voorwaardes;
(g) Die beraamde koste van die voorgestelde oordrag;
(h) Die oordrag van enige reserwe fondse verbonde aan die bate;
(i) Die belange van enige geaffekteerde staatsorgaan en die strategiese, wetlike en ekonomiese belange van die munisipaliteit sowel as dié van die plaaslike gemeenskap; en
(j) Voldoening aan die wetlike regime verwant tot die voorgestelde oordrag.

**GEVOLGTREKKING**

Die Raad het reeds met die bogemelde raadsbesluit van 27 Augustus 2013, 'n besluit geneem dat die bate nie, in terme van Artikel 14 van die MFBW, benodig word vir die voorsiening van basiese dienste nie. Gevolglik sal dit ook nie op 'n latere datum hiervoor benodig word nie.

Die beplande oordrag voldoen aan die vereistes van vrystelling aangesien voldoen word aan artikel 20(f) van die MBOR deurdat die bate gebruik gaan word vir die oprigting van 'n vaardigheidskool wat bedryf gaan word deur die Departement van Hoër Onderrig en Opleiding vir die opleiding van hoofsaaklik arm en voorheen benadeelde jeug in die gemeenskap van Kaap Agulhas en moontlik in die Overberg distrik.

Erf 4096 is 2,4914 ha groot en die huidige munisipale waardasie is R1,088 miljoen. Die gedeelte waarop die vaardigheidsentrum opgerig gaan word is 238 m² (grootte van gebou). Alhoewel daar voorgestel word dat die bate gratis aan die departement oorgedra word sal hulle verantwoordelik wees vir die betaling van toekomstige eiendomsbelasting en diensterekeninge. Dus alhoewel daar nie 'n onmiddellike finansiële voordeel vir die munisipaliteit sal wees nie is daar wel 'n toekomstige voordeel. Die uitkomste van die opleidingsgeleenthede wat hierdeur geskep word sal egter 'n bydrae maak tot die groter sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die inwoners van die munisipaliteit wat kan bydra tot die toekomstige finansiële volhoubaarheid van die munisipaliteit.

Daar bestaan tans geen beperking of risiko op die voorgestelde oordrag van die bate nie en dit sal geen effek hê op die vermoë van die munisipaliteit om lang- of korttermyn lenings op te neem nie. Die koste van die oordrag sal vir die rekening van die oordragnemer wees en geen reserwe fondse is tans verbonde aan die bate nie.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Raad -

(i) Die besluit van 27 Augustus 2013, dat die bate nie benodig word vir die voorsiening van basiese dienste nie, in terme van Artikel 14 van die MFBW, bekragtig.
(ii) Bevestig dat die bate 'n vrygestelde kapitale bate in terme van artikel 14(6) van die MFBW is.
(iii) Bevestig dat die bate, 'n gedeelte van 'n erf 4096, teen 'n minimale bedrag, soos ooreengekom tussen die Raad en die oordragnemer, vervreem kan word.
(iv) Die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die bate oordrag ooreenkomste met die oordragnemer te finaliseer.

***UBK BESLUIT BK185/2014: 30 SEPTEMBER 2014***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat, indien die bate nie meer gebruik word vir 'n opleidingsfasiliteit nie, die bate terug getransporteer word na die Raad.
(iii) Dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

***BESLUIT 204/2014***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat, indien die bate nie meer gebruik word vir 'n opleidingsfasiliteit nie, die bate terug getransporteer word na die Raad.

## 11.2 KANTOORAKKOMMODASIE (MB)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die moontlike verhuring van kantoorakkommodasie en die vervreemding van bestaande kantoorgeboue.

**AGTERGROND**

Die tekort aan kantoorakkommodasie in Bredasdorp, waar die hoofsetel van die munisipaliteit geleë is, bestaan al vanaf 2000 met die amalgamasie van die eks-munisipaliteite van Bredasdorp, Napier en dié van die kusdorpe. Gevolglik is personeel in die geboue van die Raad op erwe 591, 581 en 3652 in Bredasdorp gehuisves. Soos die personeel gegroei het is daar ook tydelike kantore bygelas en verskeie verbeterings aangebring. Van hierdie akkommodasie is egter steeds onvoldoende en in 'n swak toestand. Dit dra by daartoe dat kantore gedeel moet word en ander is koud en nat wat weer bydra tot die verhoging in die neem van siekverlof. Die huidige stand van die kantoorakkommodasie in Bredasdorp dra nie by tot samehorigheid en goeie werknemer gesteldheid nie.

Gevolglik is daar ook al verskeie planne opgetrek vir die uitbreiding van die bestaande geboue wat die raad alreeds oorweeg het maar weens die groot kapitaaluitgawe wat die bou daarvan sal meebring gemeet teen die ander behoeftes van die gemeenskap sal dit net nie verantwoordelik vir die Raad wees om uitvoering hieraan te gee nie. Verder het Nasionale Tesourie ook 'n moratorium op die uitbreiding en bou van kantoorakkommodasie sonder dat hulle na die haalbaarheid daarvan gekyk het, geplaas. Dit alles bring mee dat die Raad na alternatiewe moet kyk om wel aandag aan die steeds groeiende behoefte na geskikte kantoorakkommodasie te kan gee.

**ONDERSOEK**

Dit moet duidelik gestel word dat die eerste opsie vir die Raad die daarstelling van hul eie bates vir die gebruik as kantoorakkommodasie moet wees. Aangesien dit nie haalbaar in die nabye toekoms gaan wees nie, moet daar gekyk word na alternatiewe. Nadat die bestuur die aangeleentheid bespreek het was daar besluit om die raad as volg te lei.

Daar is ‘n aanbod ontvang vanaf die huidige eienaar van die sogenaamde Nedbank Gebou, die Loire Trust, vir die verhuring van die gebou teen ’n huurbedrag van R30 000,00 per maand. Die oppervlakte van die gebou is ongeveer 850 m² en dit is toegerus met verskeie swaardiens ingeboude kluise wat hulle daartoe verleen vir die voldoende en veilige stoor van argiewe. Die huidige kantooropset van die argiewe en bouplan afdelings is onvoldoende in terme van die Argiewewet en die Raad word elke jaar met die inspeksies vanaf die Provinsiale Argiewe Afdeling hieroor aangespreek.

Aangesien die gebou ook as ‘n bank gebruik was is is die uitleg van die voorportaal ook perfek vir kliëntedienste soos behuising, Masakhane, rekening- en algemene navrae en ander. Die area is ook groot genoeg om toe te laat vir ‘n wagarea vir die publiek. Verder is daar genoeg kantoorspasie om die huidige kantoorpersoneel van Tegniese Dienste, Gemeenskapsdienste en Korporatiewe Dienste te huisves.

Die markwaardes van die huidige kantoorgeboue van die bogemelde departemente is aangevra vanaf die waardeerders en lyk soos volg:

1. **Die raadsaalkompleks + elektrisiteitskantore en substasie:**
   - Die fasiliteite is geleë op erf 591, Bredasdorp.
   - Die erf sluit ook die “grasperk” op die hoek van Kloof- en Museumstraat in.
   - DEEL VAN HIERDIE PERSEEL IS OOK ’N ELEKTRISITEITS-SUBSTASIE
   - Munisipale waardasie: R1 130 000
   - Grootte: 4174 $m^2$
   - Waardasie volgens Bester Prokureurs: R1 130 000

2. **Gemeenskapsdienste se kantoor + alle tydelike buitegeboue:**
   - Die fasiliteit is geleë op erf 3652, Bredasdorp
   - Die erf sluit ook die parkeerarea langs die gebou in.
   - Munisipale Waardasie: R 1 260 000
   - Grootte: 2591 $m^2$

3. **Die kantoorkompleks van Siviele Ingenieursdienste wat ook die “Inligtingsburo” se kantoor insluit:**
   - Die fasiliteit is geleë op erf 581, Bredasdorp
   - Die erf sluit ook die kantore van die “Toerismeburo” in.
   - Munisipale Waardasie: R 1 225 000
   - Grootte: 451$m^2$

**TOTALE WAARDE: R3 615 000**

**GEVOLGTREKKING**

Die aanbeveling vanaf die administrasie is dat die raad die verkoop van die bogemelde eiendomme oorweeg en terselfdertyd die Nedbank gebou op die korttermyn huur. Die kontant wat dan uit die verkope gegenereer word kan dan in ‘n boufonds geplaas word vir die gefaseerde bou van nuwe kantoorspasie of vir die aankoop van ‘n geskikte gebou. Op die manier kan die Raad op ‘n verantwoordelike en aanvaarbare wyse aandag gee aan die behoefte aan geskikte kantoorspasie.

**FINANSIëLE IMPLIKASIES**

Aangesien daar noodwendig nie voorsiening in die huidige begroting vir die verhuring van die geboue voorsiening gemaak is nie sal die Raad, indien daar so besluit word, hiervoor voorsiening moet maak in die komende aansuiwerings-begroting. Die verhuurder sal verantwoordelik wees om die gebou op te knap tot 'n aanvaarbare standaard en aangesien die huidige kantoortoerusting gebruik gaan word sal uitgawes in die verband minimaal wees.

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Die implikasies in die verband sal positief wees aangesien personeel beter akkommodeer sal word as huidiglik.

**WETLIKE IMPLIKASIES**

Die Raad sal in terme van Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, 2003, 'n besluit moet neem dat die eiendomme wat vervreem gaan word nie benodig word vir die voorsiening van basiese dienste nie. Verder moet die voorskrifte van die MFBW, 2003 en die BOR, 2008 in ag geneem word wanneer munisipale eiendomme vervreem word. Die publiek se insae moet ook in terme van Artikel 21 van die Munisipale Stelselswet, 2000, bekom word.

***BESTUURSAANBEVELING***

(i) Dat die Raad die huur van die Nedbank gebou oorweeg.
(ii) Dat die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Finansiële Dienste gemagtig word om 'n verhuringsooreenkoms met die eienaar van die bogemelde gebou vir 'n tydperk van drie (3) jaar te onderhandel, met die opsie om te verleng.
(iii) Dat daar in die aansuiweringsbegroting toegelaat word vir die kostes vir die verhuring.
(iv) Dat erwe 581, 591 en 3652, Bredasdorp op 'n openbare veiling te vervreem word met 'n insetwaarde gekoppel aan die markwaarde soos bepaal.

***UBK BESLUIT BK186/2014: 30 SEPTEMBER 2014***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat daar in gesprek getree word met 'n ontwikkelaar om die Raad te adviseer.
(iii) Dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

***BESLUIT 205/2014***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(i) Dat daar in gesprek getree word met 'n ontwikkelaar om die Raad te adviseer rakende die toekomstige moontlike gebruike van erwe 581, 591 en 3652.
(ii) Dat die moontlikheid om erwe 581, 591 en 3652, Bredasdorp op 'n openbare veiling te vervreem ondersoek word en 'n volledige verslag aan die Raad voorgelê word.

11.3 **SKRYWE VANAF KAAP AGULHAS SAKEKAMER INSAKE TONEELSTUK**

Die Munisipale Bestuurder lig die UBK in aangaande 'n skrywe wat vanaf die Kaap Agulhas Sakekamer ontvang is waarin hulle om fondse vra om 'n toneelstuk, genaamd "Rondomskrik" na Bredasdorp te bring. Die toneelstuk handel oor die lewe van Anene Booysen.

Die produksiekoste alleenlik beloop R25 000,00 en wil hulle dit op 1 November 2014 in die De Heide skoolsaal aanbied (saal word geborg) asook op 2 November 2014 in die Baxter teater. Die totale kostes beloop R41 900,00.

***UBK BESLUIT BK187/2014: 30 SEPTEMBER 2014***

(i) Dat 'n bedrag van R20 000,00 uit die Bemarkingsfonds aan die Kaap Agulhas Sakekamer beskikbaar gestel word.
(ii) Dat toegangsfooie bekostigbaar sal wees vir die teikengroep wat hierdie toneelstuk wil bywoon.
(iii) Dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

***BESLUIT 206/2014***

(i) Dat 'n bedrag van R20 000,00 uit die Bemarkingsfonds aan die Kaap Agulhas Sakekamer beskikbaar gestel word.
(ii) Dat toegangsfooie bekostigbaar sal wees vir die teikengroep wat hierdie toneelstuk wil bywoon.

## 12. ITEMS DEUR DIE UBK NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING

### 12.1 WYSIGING VAN KAPITAALNOMMERS (DGD)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om die fondse by kapitaalnommer 5/9022/0171 (Struisbaai: Vergroting) van R50 000 na R150 000 te wysig en kapitaalnommer 5/9022/0161 (Struisbaai: Omheining) van R150 000 na R50 000 te wysig (sien memo aangeheg op bladsy 60).

**AGTERGROND**

Bogenoemde items verskyn beide op die kapitale projekte onder Provinsie, waaronder biblioteke ook resorteer. Hiermee word versoek dat die item 5/9022/0171 verander word na R150 000 om sodoende genoeg fondse te kan akkommodeer om die vergroting te kan behartig, asook dat item 5/9022/0161 na R50 000 verander vir omheining van die biblioteek.

Omheining van die biblioteek gaan plaasvind en vergroting aan die kinderkant, siende dat die ruimte vir die volwasse kant beperkend geword het en dit weer op die kinderkant beperkings plaas.

**FINANSIëLE IMPLIKASIES**

Huidiglik geen.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Raad die wysiging van kapitaal item 5/9022/0171 (Struisbaai: Vergroting) van R50 000 na R150 000 en kapitaal item 5/9022/0161 (Struisbaai: Omheining) van R150 000 na R50 000, goedkeur.

***AANBEVELING: GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: COMMUNITY SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***UBK BESLUIT BK171/2014: 30 SEPTEMBER 2014***

(i) Dat die Gemeenskapsdienste Komitee se aanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

***BESLUIT 207/2014***

Dat die Gemeenskapsdienste Komitee se aanbeveling aanvaar word.

12.2 **VERSOEK: VERHURING VAN OPSIGTERSWONING OP ‘N GEDEELTE VAN ERF 1148, BREDASDORP (DKD)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die verhuring van die opsigterswoning geleë te Suikerbossie Karavaanpark, Bredasdorp.

**AGTERGROND**

’n Skriftelike versoek, soos aangeheg op bladsy 118 is van ‘n werknemer van Kaap Agulhas Munisipaliteit ontvang om die opsigtershuis geleë op ’n gedeelte van erf 1148, Bredasdorp (Suikerbossie) by die Raad te huur as woning. Die woning was voorheen deur me Christa Theron bewoon waarvandaan sy haar pligte as opsigter van die Karavaanpark beoefen het.

Die woning staan dus talle jare leeg en word gebruik vir die stoor van skoonmaakmiddels.

**FINANSIëLE IMPLIKASIES**

Potensiële inkomste.

**WETLIKE VEREISTES**

MFMA.

***BESTUURSAANBEVELING***

(i) Dat ‘n huurooreenkoms vir 3 jaar aangegaan word.
(ii) Dat die standaard huurvoorwaardes sal bestaan.
(iii) Dat huur markverwant bepaal word deur ’n eiendomsagent.
(iv) Dat verhuring onderhewig sal wees aan ’n jaarlikse eskalasie van 10%.
(v) Dat die huurooreenkoms deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste opgestel word.
(vi) Dat herstelwerk aan die eiendom sal geskied voor okkupasie.
(vii) Dat die Grondvervreemdingskomitee deur LD 111/2014 die aansoek aanbeveel.

***AANBEVELING: FINANSIëLE- EN KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE AND CORPORATIVE SERVICES COMMITTEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management’s recommendation be accepted.*
(ii) Dat ‘n publieke deelname proses gevolg word deurdat die Raad se voorneme geadverteer word.

***UBK BESLUIT BK176/2014: 30 SEPTEMBER***

(i) Dat die Finansiële- en Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

***BESLUIT 208/2014***

Dat die Finansiële- en Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling aanvaar word.

## 16. ONAFGEHANDELDE RAADSBESLUITE

| Besluit Nr | Onderwerp | Verkorte Besluit | Vordering | Verantwoordelike persoon |
|---|---|---|---|---|
| 291/2012 | Verhuring gedeelte meentgrond, Napier: Vierfontein Boerdery (7/1/3/1) | (i) Volstaan met besluit 153/2011 geneem op 31 Augustus 2011, met die weglating van (ix).<br>(ii) Beswaarmaker dienooreenkomstig in kennis stel.<br>(ii) Dat 'n opskortende voorwaarde gestel word m.b.t. nie-nakoming van die 40% swartbemagtigingsgroep, soos gemoniteer deur LED. | | LED/MB |
| 174/2014 | Payment of outstanding invoice: Kiosk Renovating | Refer back to Community Services Department for full investigation. | | DGD |

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Raad kennis neem van die onafgehandelde Raadsbesluite.

***BESLUIT 209/2014***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) By 'n UBK vergadering van 29 Julie 2014 is besluit dat Tehillah teen 31 Julie 2014 'n aanduiding moet gee of hul steeds wil voortgaan met die huur van die SAAME Saal. Dit het egter nie gebeur nie en voel die Raad nou dat die besluit om die SAAME Saal aan hulle te verhuur, herroep moet word en 'n nuwe item aan die Raad voorgelê word oor die toekoms van die SAAME Saal.

Hierna gaan die Raad In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.

BEKRAGTIG op hierdie dag van **2014**

______________________________

**SPEAKER** **DATUM:**